NG Kerk Pierneef

Slagspreuk: *"Van Bo, na binne, na buite"*

Kantoor: 072 137 4407, kantoor@ngkpierneef.co.za, Leraar: Paullet Grobler, Gemeente Sekretaris: Cecile Botha
Web: www.ngkpierneef.co.za Straatadres: Pierneefstraat 954, Villieria, 0186. Belastingverwysingsnommer.: 9520369159. *OWO-nr.: 930006241*

VOORWAARDES VIR DIE HUUR EN GEBRUIK VAN DIE GEMEENTEFASILITEITE

TROUES EN BEGRAFNISSE

Besprekings:

Voorlopige besprekings kan telefonies (**072 137 4407**), per e-pos by **kantoor@ngkpierneef.co.za** of persoonlik by die kerkkantoor op Maandae, Woensdae & Vrydae (kantoorure 08:00 – 16:00). Dinsdae & Donderdae is die kantoor gesluit en is die Gemeente Sekretaris slegs telefonies (selfoon) beskikbaar.

Besprekings- en Huurgeld:

Huur- en/of gebruiksgelde vir die kerksaal/kombuis word slegs gevorder ooreenkomstig die *Riglyne en tariewe vir die uitverhuur van die fasiliteite,* asook die *Aansoekvorm vir benutting van gemeentefasiliteite.* **(By die kerkkantoor beskikbaar).** Die huuraansoekvorm moet ingehandig word en enige voorgeskrewe besprekingsgelde moet terselfdertyd ter bevestiging by die kerkkantoor inbetaal word,

Raadpleeg die spesifieke inligtingstukke (by die kerkkantoor beskikbaar) vir:-

1. *fooie vir die amptenare en leraar se dienste; en*
2. *riglyne en tariewe vir die uitverhuur van die kerksaal/kombuis.*

L.W. *Alhoewel die gebruik van die tafels en stoele saam met die kerksaal vir gebruik beskikbaar is.* Let ook asseblief hieronder op die wyse waarop die gespesialiseerde erediens-toerusting (klank en video) gebruik mag word.

Fooie en ander kostes:

Vir huweliksbevestiging moet **die voorgeskrewe fooie vir die kerkpersoneel** by die kerkkantoor inbetaal word om die bespreking te bevestig.

Vir begrafnis-, verassings- en roudienste geld naas die fooie wat begrafnisondernemers vir hul dienste hef is daar ook die gebruiklike fooie vir kerkpersoneel en moet vooraf in kontant by die gemeente se kantoor inbetaal word.

Die leraar, orrelis, klankbeampte en koster se dienste tydens troues en begrafnisse en ander geleenthede:

Die kerkkantoor (in oorleg met die leraar) skakel met die gemeente se orrelis en koster om reëlings deur te gee, maar dit is altyd goed as die betrokkenes spesifieke reëlings (vir veral troues) ook self met die orrelis en koster bespreek. Indien die betrokkenes hul eie orrelis verkies, moet daar vooraf gereel word met die kerkkantoor.

L.W. Die betrokke leraar moet te alle tye self gekontak word.

Konfetti, ruikers en ander versierings:

Slegs "streamers" en roosblare as strooimateriaal word by troues toegelaat. Die strooi van konfetti en ander strooimateriaal word nie op die kerkterrein toegelaat nie weens de opruiming- en skoonmaakprobleme wat daarmee gepaard kan gaan.

Versierings soos ruikers mag op geskikte blomstaanders en aan die banke aangebring word, met dien verstande dat alle versierings netjies en sonder merke of oorblyfsels maklik deur die betrokkenes self direk na afloop van die geleentheid verwyder sal kan word.

L.W. *Geen wondergom of kleefband mag gebruik word nie. Gebruik bv. lint om ruikers aan banke te hang. Geen versierings mag aan die mure aangebring word nie.*

Die plasing van blomruikers en ander versierings geskied tussen 'n uur en 'n halfuur voor die aanvang van die diens. Indien die koster versoek word om op 'n ander tyd die gebou beskikbaar te maak vir die plasing van blomme, mag addisionele fooie van toepassing wees (R 30 per geleentheid om oop en toe te sluit).

T.o.v. die inrig van eredienste:

1. ***Slegs twee mikrofone*** *(een vir die liturg/leraar en een vir spreekbeurte en sangers) sal beskikbaar gemaak word.*
2. *Die koster sal die klankbank voorberei en beman as een van die klankbedieningspan se lede nie beskikbaar is nie.* ***Geen ander persone mag op die klankbank werk nie****.*
3. *'n* ***Gratis klankopname*** *van die diens sal deur die klankbediening gemaak word (maar sukses word nie gewaarborg nie).*

4. *Indien verkies, sal die klankbediening bereid wees om **CD-snitte** (wat vooraf deur die leraar vir dié doel goedgekeur is) voor te speel as agtergrondmusiek* of *vir sangbegeleiding van 'n sanger of sangers (nie vir gemeentesang nie). Die sanger moet die mikrofoon gebruik wat die klankbediening verskaf. Suksesvolle uitvoering en beskikbaarheid van werkende toerusting word egter nie gewaarborg nie. Sangers moet klankinstemming saam met die klankbediening tussen een uur en 'n halfuur voor die begin van die diens afhandel. Indiwiduele musiekinstrumente, sangers en voordragte sonder klankversterking word wel toegelaat, maar orkeste nie.*
5. ***Geen eie klanktoerusting** of dataprojektors vanaf die klankbank word toegelaat nie.* Huurders sal wel dataprojeksies (bv. met Powerpoint) kan maak en via die rekenaar wat deur die klankbeampte beheer word vertoon word. Dit moet een uur voor die diens aan die klankbeampte voorsien word. Dataprojeksies kan wel deur die klankbeampte geskep word maar daar is ekstra kostes aan verbonde (R500.00) en dit moet met die betrokke persoon gereël word.
6. ***Die gemeente-orrelis** of aflosorrelis se dienste (vir voorspel en sangbegeleiding) is normaalweg vir alle dienste beskikbaar, maar eie CD- agtergrond musiek mag ook voorgespeel word wanneer daar nie gemeentesang gaan wees nie.*

Begrafnisteebediening:

1. Die gemeente voorsien die fasiliteite verniet aan lidmate maar nie-lidmate is daar kostes aan verbonde (sien die verhuringskoste).

2. Net koffie, vyfrose-/jokotee en rooibostee saam met genoeg koppies saam met melk en suiker sal beskikbaar wees vir die getal mense tot 'n maksimum van 80 soos vooraf kennis gegee word slegs aan lidmate verskaf en niks aan nie-lidmate nie.

3. Toebroodjies word deur die vrouediens kosteloos aan lidmate verskaf. Daar word nie toebroodjies aan nie-lidmate voorsien nie.

Eetgoed:

Indien families of die persone wat die reëlings tref self eetgoed wil voorsien (en net vingereetgoed word toegelaat), is hulle welkom om só te doen,

Algemeen:

1. Die area wat gehuur word moet skoon en netjies agtergelaat word.
2. Tye wanneer die area benodig word moet met die koster gereël word.

Bankbesonderhede:

NG Kerk Pierneef,
Standard Bank SA,
Tjekrekening:
281590621,
Takkode: 01-4845